PROSEDURE VIR DIE HANTERING VAN AANSOEKE

1. Alle aansoekers moet kennis neem dat toelating onderhewig is aan die beskikbaarheid van plek in 'n bepaalde graad. Slegs 220 leerders kan per graad in die skool toegelaat word in gelyke verhoudings (50/50) per geslag. Slegs 41 dogters en 48 seuns kan per graad in die koshuise toegelaat word. Graad 9-, 10- & 11-aansoeke kan dus slegs oorweeg word indien daar plek beskikbaar is. Ons aanvaar normaalweg nie nuwe graad 12-leerders nie.

2. Koshuisaansoeke word in 3 fases hanteer. Alle aansoeke wat ons teen 31 Maart bereik, word gesif en gesorteer op grond van die relevante kriteria. Daar sal dan met die heel beste aansoekers ontmoetingsgesprekke gereël word. Die res van die aansoeke wat aan die keuringskriteria voldoen, word na fase 2 oorgeplaas om saam met nuwe aansoeke wat ons tussen 1 April en 31 Mei bereik, oorweeg te word. Dieselfde proses as in fase 1 word gevolg. Aansoeke vir fase 3 sluit op 31 Augustus. Die hele proses moet teen 30 September afgehandel wees. Toelating tot die koshuise impliseer ook toelating tot die skool.

3. Skoolaansoeke word in 2 fases hanteer om te voorkom dat meer leerders toegelaat word as ons kapasiteit. Aansoeke wat ons teen 31 Maart bereik, sal verwerk word en ontmoetingsgesprekke met hierdie groep sal op 22 en 23 April geskied. Aansoeke wat ons tussen 1 April en 31 Mei bereik, sal verwerk word en ontmoetingsgesprekke met hierdie groep sal op 17 en 18 Junie geskied. Aansoeke wat ons ná 31 Mei bereik, sal slegs verwerk kan word indien ons onttrekkings het of indien daar 'n geskikte plek beskikbaar is.

4. Aansoekers wat nie aan die toelatingsvereistes voldoen nie, sal teen die einde van elke fase skriftelik in kennis gestel word.

5. Dit is in alle aansoekers se beste belang om toe te sien dat aansoekvorms so volledig moontlik voltooi word. Addisionele inligting kan ook aangeheg word. Onvolledige aansoeke word nie oorweeg nie. Voltooi dus alle afdelings van die aansoekvorm en sluit die verlangde dokumentasie in.

6. Aansoekvorms is op die skool- (www.paarlgim.co.za) en koshuis- (www.paarlgimkoshuise.co.za) webtuistes beskikbaar en kan ook by die skool se ontvangssekretaresse verkry word.